

Aanbiddingsvers:

Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid; en sê: Verlos ons, God van ons heil, en versamel ons en red ons van die nasies, dat ons u heilige Naam kan loof en ons beroem in u lof! (1 Kronieke 16:34-35 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 31:1, 2, 3 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewel!
- 3 U is my ewige rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 100:1-4 (p. 494)

- | | |
|---|---|
| 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet pleit ons by die Here vir vergifnis van ons sondes met Psalm 27:4 (p. 127).

Wet

Psalm 27:4 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

Gebed

Almagtige God, U bewys ons vandag u goedheid daarin dat U ons spaar. Maar ons, van ons kant, gee telkens aanleiding tot toorn. Gee dat u strawwe in ons lewens mag wees tot ons eie heil, sodat ons daardeur tot bekering kan kom.

Gee dat dit so mag wees, o Here, dat u genade ons tot heil kom, sodat ons hele lewe 'n getuienis mag wees van opregte berou, waardeur ons mekaar opwek om ons te verenig in die gehoorsaamheid aan u Woord. Here, bly by ons soos 'n hen by haar kuikens. Verlaat ons nie, en trek u hande nie van ons af nie.

Ons dank U, Vader, dat U hierdie lieflike dag oor ons laat breek het, waarin U ons geloof weer wil versterk wanneer ons aanstons weer die dood van u Seun vier.

Ons bid dat u genade oor die hele wêreld moet kom, sodat almal wat hulle teen U verhard, bekeer mag word. Maar ons bid ook dat u koninkryk moet kom, sodat ons na Christus, ons Hoof, geneem kan word, maar ook dat die bose teen U, die Almagtige, gestraf kan word. Ons verlang na die ewige lewe wat U vir ons weggeleë het, Here. Stuur daarom ons tyd tot sy volheid, sodat ons Here Jesus Christus op die wolke kom en ons van die sonde verwyder kan word.

Skenk ook besonderlik u genade aan ons gemeente, sodat ons versterk mag word om elke dag opnuut te stry teen alle kwaad, maar dat ons nie net stry nie, maar sal oorwin. Dit is by U moontlik dat U elkeen van ons kan vorm tot 'n jubelende getuie van die almag van ons God.

Seën ons met u teenwoordigheid in ons erediens, om Christus wil.

Amen.

Psalm 98:1 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte^{en} ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale^{oor} berg en veld.

Skriflesing: Daniël 5:1-28 en Matteus 27:45-51

Teks: Daniël 5:25 en Matteus 27:46

En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín.

(Daniël 5:25 AFR1953)

. . . en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46 AFR1953)

Twee sinne in die Aramese taal in ons Bybel! Die een preek oordeel en die ander een redding.

In Babel het koning Nebukadnesar gesterwe.

- Na hom het Bésasar koning geword.
- Hiermee saam het Daniël in onguns geraak en moes as 'n verlate burger in Babel lewe.

Solank as wat Daniël in die paleis gelewe het, was die Woord van die Here in die paleis, maar Bésasar was nie 'n gelowige koning soos sy voorganger nie.

- Bésasar het van beter gewee, want hy moes tog ook tydens Nebukadnésar se regering geleef het.
- Maar hy wou God uitdaag. Daarom hou hy 'n feesmaal waarby hy die goue voorwerpe van God se tempel gebruik.

Nou moet u ook goed verstaan dat die fee van hierdie tyd almal godsdienste was.

- As Bésasar nou die tempelgoed van die Here vir hierdie fees gebruik, dan wil hy daarmee vir God wys dat hy God laat buig voor sy afgode.

Hierdie koning van Babel was werklik roekeloos.

- Terwyl hierdie fees aan die gang is, het die leërs van die Meders en die Perse reg rondom Babel gelê.
- Asof dit nie erg genoeg is nie, het Bésasar sy duisend maghebbers – wat op die slagveld by die soldate moes wees – by hom in die feessaal.

Dan antwoord God.

- Toe hierdie dolle fees se vreugde goed opgelaai was, verskyn daar 'n Hand teen die muur.
- Vreemde woorde word een vir een neergeskryf.
- Alles verander – meteens is die mal fees verander in 'n klomp bang mense wat bevrees daar staan.

Ons lees dat die koning bleek geword het, en dat sy knieë teen mekaar gekap het.

- Dadelik vlug die koning na sy afgode toe.
- Hy beveel dat al sy waarsêers gebring moet word.
- Hy is so angstig om te weet wat die skrif beteken dat hy belowe dat die uitlegger die derde hoogste posisie in die ryk kan kry.

Tevergeefs. Niemand kan nie.

Dan onthou die koningin – wat in hierdie stadium Bésasar se moeder was – dat daar ’n man is met die naam Daniël, wat altyd Nebukadnésar se drome verklaar het.

Wanneer Daniël die koning antwoord, dan gee hy hom eers ’n geskiedenisles.

- Hy vertel aan hom dat sy vader ook die Here verag het, en dat God hom toe soos ’n dier gemaak het totdat hy erken het dat God mag het oor hom en sy koningskap.
- Dit is of Daniël Bésasar wil verwyt dat hy mos van beter moes geweet het as om so onverskillig te wees.

Daniël vertel van die loflikhede van die Here, sy sterkte en sy wonderbare daede wat Hy gedoen het sodat die volgende geslagte kon weet dat hulle hulle hoop op die Here moes stel.

Dan verklaar Daniël die skrif. Dit is die skrif wat geskrywe is: **Menè menè tekèl ufarsín**. Die woorde beteken die volgende:

- **Menè**: God het u koninkryk getel en dit voleindig.
- **Tekèl**: U is op die weegskaal geweeg en te lig bevind.
- **Ufarsín**: Dié woord is twee woorde wat aan mekaar gelas is.
 - Die eerste woord is **u** wat beteken *en*, en
 - die tweede is **farsín** wat beteken in *twee stukke gebreek*.

Die een ryk van Bésasar word verdeel tussen die Meders en die Perse.

- God het getel. Hy het die rekening van Bésasar afgesluit. Voleindig.
- Daarna is hy op die weegskaal geplaas. God het niks vergeet of oorgeslaan nie. Hy het nie net die tyd afgetel nie, maar die koning en sy werke geweeg ook. God weeg.

Die Here vra na die **inhoud** van jou lewe. Dan kom die antwoord:

- U is te lig bevind.
- U lewe het geen inhoud nie.
- U het ’n leë lewe gelei vir die koninkryk van God.

Dit is wat Bésasar vergeet het. Hy het God nie geëer in sy lewe nie.

Daarom, broeders en susters, elke lewe wat God nie tot inhoud het nie, is ’n leë lewe. Hoe pragtig die buitekant van jou lewe ook al mag wees.

Dit is verskriklik om te weet dat ons geweeg is . . . en te lig bevind is.

Maar God het ons in ons swakheid in berekening gebring.

- God het ons geken soos ons is.
- Daarom het daar eendag vier ander woorde ook opgeklank.

Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

God het lemand gestuur om gewig te gee aan ons lewens.

- God verlaat Jesus Christus aan die kruis sodat Hy manalleen die dood moet aandurf.
- Hy moet vir elkeen van ons die dood oorwin.

Die Here Jesus Christus is ook deur God geweeg. Jesus Christus is nie deur God verlaat omdat Hy ook geweeg en toe te lig bevind is nie.

- Nee, juis die teendeel is waar.

- Hy is volmaak bevind.

Hy het geen sonde gedoen nie, en Hy het volmaak gelewe, maar Hy is toe te lig verklaar!

- Hy moes sterf sodat Hy gewig aan ons lewens kon gee!
- God verlaat Hom sodat daar 'n nuwe inhoud aan ons lewens gegee kan word.
- Hy is deur God verlaat sodat ons nooit deur God verlaat sou word nie.

Daarom is daar hierdie groot en belangrike verskil tussen Jesus Christus en ons – Hy is nie deur God verlaat omdat Hy te lig bevind is nie.

God verlaat Jesus Christus aan die kruis sodat Hy alleen die dood moet aandurf. En sodat Hy dan ook alleen die dood moet oorwin.

Die inhoud is dan die samevatting van hierdie twee sinne.

- Eerste is dat ek weet en besef dat die Here my geweeg en te lig bevind het.
- My sondes en my ongehoorsaamheid is God nie tot eer nie en daarom is ek ook verskeur soos Béliasar.
- Die doodstraf en die helse kwellinge en verlatenheid staan helder voor almal van ons se oë.

Maar daarvoor staan die werk van Jesus Christus.

- God het Hom verlaat oor hierdie sondes van my.
- Hy het die geweldige toorn van God gedra.
- Met ander woorde, die straf en die helse lyding wat oor my moet kom oor my ongeregthede, dit het Hy klaar verduur.

As Hy dit uitroep: My God, my God, waarom het U my verlaat? Dan is die antwoord daarop:

- *Sodat my uitverkorenes gered kan word.*
- Sodat daar voldoen kan wees aan die straf wat hulle toekom.
- Nou het hulle toegang tot die ewige lewe.

Die Here Jesus Christus van Golgotha kom weer op 'n bepaalde dag.

- Dan gaan Hy oordeel oor almal wat reeds gesterf het, en die wat nog in die lewe is.
- As Hy dan by jou en by my kom, dan gaan die saak so wees dat ons ook getel, en geweeg word, en dan word ons goed bevind.
- Dan weeg ons in die verdienste van Jesus Christus swaar vir God.

Die afloop van hierdie oordeel is vir ons ook heeltemal anders as wat dit is vir Béliasar afgeloop het.

- Daardie nag – nadat die Here se oordeel oor hom geval het – val sy stad in die hande van sy vyande.
- Nadat ons oordeel afgeloop het, kry ons by God 'n nuwe stad – die Nuwe Jerusalem.

Ons is vir die Here kosbaar, want ons is die vrugte van die dood van sy Seun.

Geliefdes, onthou hierdie genadeboodskap wanneer die sonde ons bedreig.

Ons sondig en is te lig as ons in eie krag voor God staan.

Maar gelukkig het Hy sy Seun verlaat sodat Hy ons in sy versoening kan regverdig.

As dit is wat u glo, dan het u lewe inhoud. En ons glo dit.

Daarom maak ons nou al weer gereed om saam die dood van die Here Jesus Christus te gedenk.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 130:2, 3 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 18 Oktober 2009